Inenting
Maak 'n ingeligte keuse

—deur Johan Jacobs

Bemagtig jouself met die ware feite.

Om jou kinders te laat inent al dan nie, is deesdae 'n omstrede en emosioneel-gelaaide onderwerp.

Stel al jou persepsies vir 'n oomblik ter syde

Om hierdie artikel objektief te kan evalueer, vereis dat jy eerstens jou huidige persepsies en mening oor hierdie onderwerp vir 'n oomblik ter syde moet stel. Dit is omdat die media se propagandamasjien wat die afgelope eeu hierdie terapie doeltreffend bevorder en verkondig het, jou persepsie gevorm het, wat nie noodwendig korrek is nie.

God het 'n gesofistikeerde immuunstelsel ontwerp

Die mensdom en alle ander spesies het vir duisende jare lank op ons planeet oorleef sonder enige inentings. Hoekom? Die Bybel sê: *"Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed."* Genesis 1:31.

God het ons met 'n baie ingewikkelde, doeltreffende en gesofistikeerde immuunstelsel geskape. Ek glo dat ons Skepper daardie immuunstelsel volmaak geskape het.

God het ons met 'n baie ingewikkelde, doeltreffende en gesofistikeerde immuunstelsel geskape. Ek glo dat ons Skepper daardie immuunstelsel volmaak geskape het. Dit is sterk genoeg om ons te beskerm en te bemagtig om 'n kwaliteitlewe sonder siekte te kan lei. Terselfdertyd het God die perfekte voedselketting voorberei nog voordat Hy ons geskape het. Hierdie oorspronklike voedselketting bevat al die eienskappe en voedingstowwe wat benodig word vir goeie gesondheid, en wat 'n sterk immuunstelsel verseker. Dit is hoekom ons tot op hede op ons planeet oorleef.

Ons het ons eie probleem geskep

Die mensdom het gedurende die afgelope 150 jaar ontdek dat daar sekere voedingstowwe is wat uiters noodsaaklik is vir die immuunstelsel om behoorlik te kan funksioneer. Dink byvoorbeeld aan vitamien C. Ons weet almal dat dit een van duisende voedingstowwe is wat 'n sterk en gesonde immuunstelsel ondersteun.

Sonder vitamien C gaan die liggaam agteruit: dink maar aan onder meer skeurbuik, chroniese infeksies en lae immuniteit. Dit is egter een van talle voedingstowwe wat nie in ons moderne gerieflike kitskosse voorkom wat in pakkies, blikkies, en in verfynde en verwerkte verpakte dieet opgedis word nie. Ons, die mens aan die bopunt van die voedselketting, het probeer om ons voedselketting te herontwerp, maar het in die proses daarvoor gesorg dat ons 'nuwe voedsel' voedingstofarm en gestroop van uiters noodsaaklike nutriënte is. En asof dit nie dwaas genoeg is nie, is ons moderne voedsel boonop ook propvol chemiese preserveermiddels en ander nare onnatuurlike stowwe.

Dit is presies waarom ons in die verknorsing sit met betrekking tot virusse en 'n lae immuniteit.

Slegs simptome word behandel

In plaas daarvan om terug te keer na ons oorspronklike GO Natural-dieet en 'n lewenstyl wat deur die eeue heen gewerk het en daarvoor gesorg het dat ons kan oorleef en floreer, het die mediese industriële bedryf 'n kitsoplossing vir die immuniteitsprobleem ontwerp – inenting – gerugsteun deur die moderne mens se wetenskaplike ontdekkings en tegnologie. Dit is weer 'n klassieke voorbeeld hoe 'die stelsel' simptome behandel en nie aandag gee aan die kernoorsaak nie – die gebrekkige en verworde moderne dieet. Die moderne dieet veroorsaak nie net lae immuniteit nie, maar ook dieet-verwante siektes oos tandbederf, vetsug, tipe-twee-diabetes, kanker en nog meer.

My oë het letterlik oopgegaan ten tye van my reis na herstel van MS. Nou sien ek waar ek was en dat die meeste mense nie bewus is van wat inwerklikheid met hul kos gebeur nie. Ons moet wakker wees, God waarsku ons "*My volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis.*"

Die moderne mens verkies om sy vertroue in die wetenskap en tegnologie (die mens) te stel, eerder as in die almagtige Skepper. Dit is die een fundamentele rede waarom ek dink dat inenting onnodig is. In my boek is daar nog talle ander redes waarom ek voorstel dat jy twee keer dink voordat jy jou kind laat inent.

Die Bybel sê vir ons in Psalm 118:8: *"Dit is beter om by die Here te skuil, as om op mense te vertrou."*

Die verborge gevare van entstowwe

Entstowwe wat ingespuit word, is letterlik 'n mengsel chemiese preserveermiddels en »

biologiese materiaal, wat hoofsaaklik van siek diere afkomstig is. Een van die gewildste preserveermiddels in entstowwe is thimerasol, wat kwik bevat, en sedert die 1930's in gebruik is. Ek het eerstehandse ervaring van die skade wat kwik aan die sentrale senuweestelsel kan doen. Kwik is vernietigend. Daar is geen veilige kwikvlakke nie. Hoekom word hierdie gevaarlike chemiese stof dan gebruik in entstowwe wat vir klein kindertjies ingespuit word? 'n Eenvoudige soektog op die internet kan hierdie feit afdoende bewys, byvoorbeeld: "Die griepentstof bevat 25 000 keer meer kwik as wetlik toelaatbaar in drinkwater" (www.naturalnews.com). Op ons webwerf is daar ook 'n insiggewende YouTube-video wat m.b.v. 'n mikroskoop visueel uitbeeld en verduidelik hoe kwik tot degenerasie van breinneurone lei. Daar kan gesien word hoe 'n klein hoeveelheid kwik die gesonde neurone beskadig nadat dit aan kwik blootgestel is. Kwik is 'n dodelike gif vir neurone en vervorm en vernietig hulle onmiddellik.

Ek het self met baie kliënte en ouers gesels wie se kinders binne enkele ure nadat hulle die MMR-inenting ontvang het, heeltemal verander het en later met outisme en kognitiewe gebreke gediagnoseer is.

Doeltreffendheid van entstof

Die boeke wat ek bestudeer het, sowel as my ervaring oor hierdie onderwerp, dui daarop dat entstowwe ver van doeltreffend en glad nie veilig is nie. Op die volgende webwerf verskaf dr. Humphries voorbeelde waar die data bewys dat entstowwe nie doeltreffend en veilig is nie: www.healthimpactnews.com In sekere gevalle het die aantal infeksiegevalle afgeneem nadat die inenting gestaak is.

Die immuunstelsel is magteloos as dit nie van ammunisie voorsien word nie. Daarom ly so baie mense aan siektetoestande wat verband hou met 'n verswakte immuunstelsel.

Sy wys ook hoe die CDC en ander die data manipuleer om hulle standpunt oor entstowwe te staaf. Dr. Humphries verduidelik dat selfs dokters grootliks onbewus is van die gevare wat entstowwe inhou.

Ek glo dat die mens nie op God kan verbeter nie en dit nie eers moet probeer nie. Ek glo dat ons Skepper die immuunstelsel volmaak geskape het. Laat dit soos dit is. Dit is sterk genoeg om ons te beskerm sodat ons 'n kwaliteitlewe sonder siekte te kan lei: Ons moet egter nietemin wys leef in die moderne veranderde omgewing en die tweesnydende swaard van voedingstofarme voedsel en gifstowwe vermy.

Lees ons vorige artikel en boek vir voorstelle hoe om jou immuunstelsel natuurlik te versterk. ■

JOHAN JACOBS *is die stigter en outeur van Go Natural. Besoek www.gonatural.co.za om sy boek te bestel.*